

Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

ds. PJ Kriel

Doopdiens Stella Burger

04.03.2018

Inhoud. Hierdie preek wys die verskil uit tussen God die Vader en God as vaderfiguur. Christus maak sy Vader bekend as ons Vader deur die prys vir ons sondes te betaal volgens die opdrag van God die Vader. Christus maak ons kinders van sy Vader deur ons in te sluit en te laat deel in wie Hy as offer vir ons sondes was. Geestelikes wil nie God die Vader as hul Vader ken nie. Hulle wil van God die vaderfiguur maak wat moet pa-staan vir hulle sondes en geestelikheid. Hulle maak dat God pa-staan vir hul bekering. God moet hul berou oor sondes, hul onderneming om nie sonde te doen nie en hul belofte om volgens God se wil te leef, goedmaak en goedpraat as die wyse waarop hulle God hul vaderfiguur gemaak het. Die Here noem hierdie vaderfiguur die leuen van die duiwel en hulle wie van God 'n vaderfiguur maak deur hulle geestelikheid, kinders van die duiwel. Hierdie kinders van die duiwel aanvaar ook nie die doop met water vandag as teken dat Christus met die Gees doop nie. Hulle maak die doop en ander waterspeletjies teken van hoe jy God jou vaderfiguur gemaak het deur jouself 'n kind van God te maak met jou geestelikheid.

Liturgie 1. Lied 116 verse 1, 2, 5, 6, 7. 2. Lied 288 verse 1,2,3. Lied 266

Skriflesing Johannes 1: 32 – 34; 8: 31 – 59.

Teks Johannes 8: 36 Eers as die Seun julle vrymaak sal julle werklik vry wees

Tema Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

1. Is God die Vader ons Vader, of is God ons vaderfiguur?

In Johannes 8 vind die diepste breuk plaas tussen Jesus en die Jode. Dit wys duidelik uit hoe Jesus en die Jode mekaar hier aanspreek. Die Jode sê vir Jesus Hy is 'n buite-egtelike kind, Hy is 'n Samaritaan, van die duiwel besete en Jesus sê vir hulle dat is slawe, hulle is nie kinders van Abraham nie, God die Vader is nie hulle Vader nie en dat hulle kinders van die duiwel is.

Onversoenbaar anders!

Die Jode maak eers die geloofsverklaring dat hulle kinders van Abraham is en daarna verklaar hulle dat God is hulle Vader met die stellings: "Ons is die nageslag van Abraham"(8: 33) en "Ons het net die een Vader, naamlik God." (8: 41)

Jesus verklaar dat hulle nie kinders van Abraham of die Vader is nie, maar dat hulle kinders van die duiwel is: "Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle doen wat julle vader wil hê dat julle moet doen." (8: 44)

2. Hoe kan Jesus Christus dit doen?

Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

Hoe kan Hy mense wat 'n verklaring maak dat God hulle Vader is, veroordeel as mense wat nie die Vader ken nie, nie in die Vader glo nie, maar kinders van duivel is.

Daar is vandag baie min kerkmense wat hierdie veroordeling van die Here soos Hy dit hier uitspreek as die waarheid aanvaar. Kerkmense het deesdae die houding dat alle mense tog op die einde dieselfde God aanbid, net op verskillende maniere. Wie sal nog vandag hierdie veroordeling van die Here as die waarheid aanvaar: mense wat verklaar dat God is hulle Vader is nie sy kinders nie, hulle is kinders van die duivel?

Wat Christus in hierdie veroordeling doen, is om 'n onderskeid te maak tussen mense wat van God hulle vaderfiguur maak en mense wie God die Vader sy kinders maak. Hierdie is werklik twee heeltemal verskillende sake: mense wat God hulle vaderfiguur maak en God die Vader wat sonder sy kinders maak. Die een gaan oor wat mense met God doen en die ander gaan oor wat God met sonderings doen.

Dit is hierdie verskil tussen wat God die Vader met sonderings doen en mense met God doen, wat maak dat Jesus Christus mense, wat verklaar dat God hul Vader is, veroordeel as kinders van die duivel.

3. Die kinders! Daar is 'n groot verskil tussen 'n regte pa wat pa is vir sy kinders en mense wat pa-staan vir kinders! Sommer net die woorde wys vir ons dit is twee verskillende sake: pa en pa-staan. Die een is 'n regte pa en die ander is net om pa-te staan sonder om pa te wees. Hierdie een waar jy net pa-staan sonder om 'n regte pa te wees, noem ons 'n vaderfiguur. Dit is iemand wat pa speel maar nie pa is nie. Dit is 'n vaderfiguur. 'n Regte pa is 'n regte vader.

Wat is die verskil tussen iemand wat 'n pa is en iemand wat pa-staan vir kinders, dit is, tussen 'n regte vader en 'n vaderfiguur?

Die verskil klink so: regte pa's maak kinders, maar kinders maak 'n vaderfiguur op. Kan pa's en ma's regtig regte kinders maak? Ja! Hulle kan. Die regte woord daarvoor is eintlik om kinders te "verwek", want net God maak kinders, maar ons kan maar so praat, want almal verstaan wat ons bedoel wanneer ons sê, pa's en ma's maak kinders. Grootmense kan ook kinders aanneem. Dan maak hulle hulself 'n kind se pa en ma, en dan is hierdie kinders regtig hulle eie kinders.

4. Kan kinders pa's en ma's maak? Regte pa's en regte ma's?

Hulle kan dit regtig nie doen nie. Ouers maak kinders, kinders maak nie ouers nie, maar kinders maak baie keer vir hulle speel-speel ouers op, sommer so in hulle

Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

wense en gedagtes. Hierdie ouers, of pa wat kinders vir hulle self verbeel, self opmaak, noem ons 'n vaderfiguur!

Dit is hoekom Jesus en die Jode só skerp verskil: Jesus is regtig self die Seun van God die Vader. Jesus is God wat sondaars God se kinders maak. Dit is wat Jesus in 8: 58 verklaar met die woorde: “Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.” Hierdie woorde staan in Exodus 3 verse 13 en 14: “Daarna sê Moses vir God: “Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: ‘Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,’ en hulle vra vir my: ‘Wat is sy Naam?’ wat moet ek dan vir hulle sê?”¹⁴ Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is.’ Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.”

Duideliker kon die Here Jesus dit nie sê nie. Hierdie woorde “Ek is wat Ek is”, word in die Hebreeus as Jahweh uitgespreek. Ons vertaal dit in die Bybel met die woord “Here”. So die woord “Here” beteken in die Bybel, God is wat Hy is, jy kan vir God nie 'n naam gee nie. God kan nie 'n noemnaam hê kry soos mense nie. Die Bybel noem Jesus “die Here” omdat Hy God is soos God God is in Genesis 3. Jesus Christus is God en omdat Hy God is, maak Hy sondaar kinders van God. Net Hy kan sondaar kinders van God die Vader maak, niemand anders nie.

Mense kan hulle self nie kinders van God maak nie.

5. Die Jode wil nie hê Jesus moet hulle kinders van God maak nie. Hulle wil God hulle vaderfiguur maak.

Daarom is dit die regte verskil tussen Jesus en die Jode: Jesus is God wat sondaar sy kinders maak en Hy sê vir die Jode net Hy kan mense kinders van God maak, maar die Jode sê hulle kan hulle self kinders van God maak. Hulle wil God hulle vaderfiguur maak en dan sommer glo hierdie vaderfiguur van God is regtig God die Vader.

Daarom sê Jesus dat hulle vaderfiguur wat hulle van God opmaak, kan hulle nie kinders van God maak nie. Net God self kan sondaars kinders van God maak. Omdat hulle hul self kinders van God maak en God hul vaderfiguur maak, daarom is hulle regtig nie God se kinders nie.

5. Die Jode het op twee maniere hul self probeer kinders van God maak: deur te verklaar hulle is afstammeling van Abraham en om te verklaar dat hulle nie afgode aanbid nie, maar net die een en ware God.

Kom ons kyk na hulle eerste poging om hulle self kinders van God te maak. Hulle sê hulle is kinders van God omdat hulle die nageslag van Abraham is. Hierdie Abraham waarvan hulle praat was al amper 1800 jaar dood toe hulle hier met Jesus gestaan en stry het. Om dit in perspektief te plaas, dit is so goed ons sê vandag ons ken ons

Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

voorvader wat 200 jaar na Christus geleef het en omdat ons familie van hierdie man is van 'n 1800 jaar gelede, is ons kinders van God.

Die Jode sê dat Jode maak kinders van God wanner hulle babas maak. Almal wat familie van Abraham is, maak kinders van God wanneer hulle babas maak. So die manier waarop mense volgens die Jode dan kinders van God maak, is deur babas te maak, maar dan moet jy op een of ander manier deel van die Jode as volk wees.

Kan mense babas kinders van God maak of kan net God babas sy kinders maak?

Daarom sê Jesus vir hulle dat al is hulle familie van Abraham, is hulle nie kinders van Abraham nie. Daarmee wys die Here dat net Hy Abraham se kinders, God se kinders maak, nie pa's en ma's nie. Jesus is die Seun van die Vader wat babas kinders van God die Vader maak. Dit doen die Here Jesus, nie pa's en ma's wat babas maak nie.

6. Die ander manier waarop die Jode hulle self kinders van God wou maak, is met hulle verklaring dat: "Ons is nie uit owerspel gebore nie. Ons het net een Vader, naamlik God." Hierdie is die verklaring wat alle Jode as hulle geloofsbelydenis openlik uitspreek. In Jakobus word hierdie belydenis so aangehaal: "Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bese geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs." (Jak. 2: 19)

Die Jode het anders as al die ander nasies, volke en stamme in die hele wêreld nie in afgode geglo nie. Al die nasies en volke en honderde, ja duisende afgode gemaak, sommeer so volgens hulle eie verbeelding, begeertes en luste. Die Jode het al hierdie afgode verwerp en geglo dat daar net een God is. Hulle was hiermee regtig reg en die ander was regtig verkeerd.

Hulle het ook geglo dat hulle hierdie een God reg dien deur sy wet, die Tien Gebooe te gehoorsaam. Daarom klink hulle geloofsbelydenis so: omdat ons glo daar is net een God en ons gehoorsaam sy gebooe, is Hy ons Vader. Só maak hulle hul self kinders van God: hulle erken net God en verwerp alle ander afgode en hulle gehoorsaam sy wette. Omdat hulle dit doen, is God hulle Vader!

Wat is die groot fout wat hulle maak?

Kan jy jouself iemand se kind maak as jy verklaar dat net hy jou pa is en niemand anders nie en dat jy net na hom luister en niemand anders nie? Kan jy iemand op hierdie manier jou pa maak?

Jy kan nie! Al aanvaar jy net hom en al luister jy na alles wat hy sê, jy kan nie iemand so jou pa maak nie. Hy moet jou aanneem! Hy moet jou sy eie maak! Hy moet besluit Hy is jou pa en alleen dit maak jou sy kind.

Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

7. Hoe maak God ons sy kinders en hoe maak God Hom ons Vader?

Jesus wys dat alle mense eintlik slawe van sonde is. Hy wys ook vir die Jode dat God die Vader het Hom gestuur as sy Seun en dat net Jesus God die Vader ken as God. Net Jesus kan die Vader bekend maak. Niemand anders kan God die Vader bekend maak nie.

Die wyse waarop Jesus God die Vader bekend maak, is dat Hy wat self God met die Vader is, mens is om in ons plek 'n sondaar te wees. Dit is hoe Christus se geboorte aangekondig word in Johannes 1: 14 "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Dit is hoe God sondaars kinders van God maak: God self word 'n sondige mens in ons plek, en sluit ons in by wie Hy vir ons is. Ons word ingesluit by wie Jesus as mens is wat gekom het in ons plek. Só word ons kinders van God gemaak: God sluit ons in in wie Jesus as mens vir ons is. Dit word genoem in Johannes 1:32 "die doop met die Gees."

Die Here Jesus wat die Seun van die Vader is, sluit ons in by wie Hy vir ons gekom het om in ons plek te wees, en deur hierdie insluit en eenwees met die Here as mens, word ons kinders van God gemaak: word ons met die Gees gedoop.

Jy kan jouself nie 'n kind van God die Vader maak deur Hom as God te erken en te gehoorsaam nie. Hy maak jou sy kind deur jou in te sluit in wie Hy vir jou as God is.

8. Wat doen regte pa's vir kinders en wat doen 'n vader-figuur vir kinders?

Regte pa's betaal vir die slegte dinge wat hulle kinders doen, maar 'n vaderfiguur staan-pa vir kinders wat slegte goed doen.

Julle sien dit sommer baie by die skool. Wanneer kinders slegte goed doen, soos ander kinders se tasse breek, se penne of boeke steel, hulle klere skeur, hulle tand uitslaan of hulle fietse stukkend maak, dan kom 'n regte pa na die skool toe, hy betaal vir alles wat jy verkeerd gedoen het, vat jou huis toe, vertel vir jou wat jy verkeerd gedoen het, wys vir jou wat hy wil hê jy moet doen en tug jou. Dit is wat regte pa's doen!

Wat doen mense wat vir hulle kinders net 'n vaderfiguur is maar nie meer 'n regte pa is nie? Hulle gaan skool toe, hulle verduidelik sommer die hoof en onderwysers dat dit nie jy is wat so iets gedoen het nie, jy is 'n goeie en soet kind wat nie sulke goed kan doen nie, of hulle vertel dat jy dit gedoen het omdat die ander kinders lelik met jou is; hulle beskuldig die ander kinders dat hulle jou al die verkeerde goed laat doen

Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

en dan bel hulle hierdie kinders se ouers en raas en baklei met hulle en dreig dat hulle die hoof, onderwysers, kinders en skool hof te gaan vat vir jou menseregte.

Wat noem 'n mens hierdie manier waarop so vaderfiguur opkom vir sy kinders? 'n Mens noem dit "pa-staan". Hy gebruik sy mag en krag om te sorg dat jy oorgesien word vir wat jy verkeerd gedoen het, omdat jy so soet en oulike kind is.

Kan julle sien wat is die verskil? Regte pa's betaal vir hul kinders se sondes en vaderfigure staan-pa vir kinders!

9. Die Jode wou hier in hoofstuk 8 Jesus al doodmaak toe Hy gewys het dat Hy God is wat mens geword het om die sondaar wat hulle is, in hulle plek vir hulle te wees. Toe hulle uiteindelik Jesus gevange geneem het en oorgelewer het aan Pontius Pilatus om Jesus te kruisig, was dit die rede hoekom hulle Jesus wou doodmaak:

"Die Jode sê toe vir hom: "Ons het 'n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat hy hom as die Seun van God voorgedoen het."(19:7). Kyk wat is die werklike rede hoekom hulle Jesus wil doodmaak! Omdat Hy Homself as die Seun van God die Vader voorgedoen het!

Die Jode sê Jesus is nie regtig die Seun van die Vader nie. Hy het dit sommer net opgemaak. So! Hulle beskuldig Jesus dat Hy nie die Seun van is nie.

Hoekom nie?

Want hulle het 'n wet wat wys dat hulle hul self kinders van God gemaak het, en God kan nooit self mens word om vir hulle sondes te om betaal nie. Dit is hoekom hulle Jesus verwerp. Hulle glo nie in die Vader wat sy Seun gee om mens te word om as God self vir die sondes van mense te betaal nie.

Hulle wil nie 'n Vader hê wat vir hulle sondes betaal nie!

10. Watter vader wil hulle dan hê?

Hulle wil hê God moet hulle vaderfiguur wees. God moet nie vir hulle sondes kom betaal nie. God moet vir hulle kom pa-staan oor hoe goeie kinders is hulle van God. In hoofstuk 19: 32 sê hulle sommer: Ons het 'n wet en volgens ons wet, moet Jesus wat God ons Vader maak, dood gemaak word.

Hulle het 'n wet en met hulle wet maak hulle dat God vir hulle moet pa-staan in hierdie wêreld. Dit is wat hulle bedoel met die verklaring: ons glo God is net een en ons gehoorsaam die ware een God in die wêreld.

Hoe moet God vir hulle pa-staan vir hulle sondes?

Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

Wanneer hulle die wet oortree, en hulle sê jammer, dan moet God pa-staan dan hulle jammer sê, is genoeg! Hulle jammer-sê, is so goed, opreg en eerlik, dat God dan pa-staan dat jammersê maak alles reg! Kyk mooi! God betaal niks nie. Hy staan pa dat jammer sê maak mense goeie mense wat nie gestraf kan of mag word nie.

Nog 'n manier waarop God vir mense moet pa-staan, is dat as hulle belowe om nie weer kwaad te doen nie, moet God pa-staan vir hulle beloftes om nie weer kwaad te doen nie. God moet dit goedpraat en goedmaak! God mag nie vir hulle sê sulke beloftes help niks nie, hulle kan nie sulke beloftes maak nie en dat god alles reg maak deur alles te betaal nie. God moet pa-staan deur hulle beloftes waar te maak.

Nog 'n manier waarop God moet pa-staan vir hulle is om alles wat hulle probeer goed doen, goed te praat. God moet maak asof hulle goeie bedoelings het, asof hulle liefhet, asof wat hulle vir god doen, reg is, al is dit nie volgens sy wet reg nie. God moet hulle goeie werke goedpraat, al is dit nooit volgens sy wil reg nie!

So wil hulle van God hulle vaderfiguur maak! Hy moet pa-staan vir wat hulle doen, asof dit reg is volgens sy wil.

Vandag noem mense hierdie pa-staan van God, vergifnis!

Wanneer jy sê jy is jammer, wys jy is jammer, wys jy gaan probeer reg maak, wys jy gaan probeer luister, dan moet God jou vergewe! Dit is hoe mense van God 'n vaderfiguur maak wat hulle sondes goedmaak – God maak jou goed wanneer jy jammer sê en wys jy wil goed wees!

11. Kan julle die verskil sien tussen God wat regtig God die Vader is en God wat mense net 'n vaderfiguur maak?

Wat doen God die Vader van Jesus, wat sy enigste Seun is? Maak Hy sondes goed, of betaal Hy vir sondes?

Kom ons vat weer die voorbeeld van 'n man wat by die skool gaan pa-staan vir sy kind se so sondes! Hoe staan hy pa? Hy gaan vertel en wys hoe jammer sy kind is, hoe sy kind belooft om nie weer sonde te doen nie, hoe goed sy kind is en hoe graag hy wil wys hy wil nie weer stout wees nie, en daarom moet sy kind nie gestraf word nie.

Maar 'n regte pa, staan nie pa vir sy kinders nie, hy betaal!

Waarvoor het Jesus Christus mens kom word in ons plek, om pa te staan vir ons sondes of om vir ons sondes te kom betaal – deur self die straf van die sondes te

Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

dra? God die Vader het ons sondes kom betaal deur sy Seun! Hy is regtig ons Vader, nie 'n vaderfiguur wat vir ons sondes pa-staan nie.

Hy betaal om ons sondes se straf weg te vat en Hy betaal om ons lewe vir God reg te maak. Dit is hoe God ons met sy Gees doop.

En dan praat Hy met ons oor sondes, leer Hy ons hoe ons Hom moet liefhê en tug ons vir ons sondes.

12. Hoekom noem Jesus mense wat God vir hulle wil laat pa-staan kinders van die duiwel?

Is dit nie te erg nie?

Die Here het gekom sodat Hy vir ons sondes betaal. Dit is die enigste wyse waarop ons kinders van God die Vader kan wees. Die duiwel skep en maak die leuen dat God net 'n vaderfiguur is wat jy jou eie vader moet maak. Die duiwel is die vader van die leuen dat God vir jou sal pa-staan wanneer jy net jammer sê, wys jy is regtig jammer, belooft om nie weer sonde te doen nie en belooft om weer volgens die wet van die Here lief te wees.

Wat maak die duiwel met hierdie leuen?

Hy maak dat mense nie in God die Vader hoef te glo nie vir die prys wat Hy sy enigste Seun laat betaal het om regtig al ons sondes reg mee te maak nie. Hy maak van wie en wat god is 'n leuen.

Die Jode het hierdie leuen geglo en geleef en daarom ook die Here dood gemaak as 'n leuenaar oor God. Wie se kinders wil nie in God die Vader se offer vir mense se sondes glo nie omdat hulle glo hulle geestelike dade is genoeg sodat god moet pa-staan vir hulle? Dit is die kinders van die duiwel!

13. Ons doop vanoggend vir Stella Burger!

Ons doop haar nie omdat haar pa en ma 'n kind van God gemaak het nie. Hulle kon nie deur haar te verwek haar 'n kind van God maak nie. Daarom kan hulle vir haar die naam "Stella Burger" gee, maar hulle kan nie self vir haar die teken gee van die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees waarmee ons as gemeente van die Here haar doop nie.

Ons doop haar omdat die Here haar 'n kind van God maak die Vader maak, nie haar ouers nie.

Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

Christus maak haar 'n kind van God sy Vader, omdat Hy as Here al haar sondes betaal het en die Heilige Gees haar insluit en laat deel in alles wat die Here Jesus vir haar gedoen het.

Daarom wys die doop in die Naam van die Vader, God die Vader is haar Vader; die doop in die naam van God die Seun wys Jesus Christus het al haar sondes betaal toe Hy vir haar aan die kruis gesterf het en die doop in die Naam van die Heilige Gees wys dat Die Heilige Gees haar insluit en laat deel in alles wie Jesus vandag as mens vir haar in haar plek is.

Maar die duiwel en sy kinders sê dat dit nie is wat haar doop vanoggend vir haar, haar ouers en grootouers wys nie. Hulle maak van haar doop 'n leuen. Hulle verklaar eers dat sy gedoop word omdat hulle haar in God se verbond sit en daarna verklaar hulle dat sy eers regtig 'n kind van god kan word wanneer sy tot bekering kom op die volgende wyse:

- Sy moet jammer sê sy het sonde gedoen,
- dan moet sy belofte om nie weer sonde te doen nie,
- dan moet sy belofte om die Here lief te hê,
- dan moet sy die Here aanneem op die volgende wyse
- sy moet God in haar lewe innooi en God op die troon van haar haar sit.

Eers wanneer sy God só aanneem kan sy regtig 'n kind van God wees, want so maak sy God haar vaderfiguur wat pa-staan vir haar!

Dan moet sy 'n ander doop kry wat wys sy het God haar vaderfiguur gemaak. Sy kan haar weer laat doop in die naam van die Vader en die seun en die Heilige Gees, en dan word hierdie tweede doop haarbekeringsdoop genome om te wys sy het deur haar bekering 'n kind van God geword. Of sy kan elke Sondag nou met die waterspeletjies van die kerk wys dat sy God haar vaderfiguur gemaak het.

Kinders van die duiwel wat die wyse waarop God regtig God die Vader is deur te betaal met sy Seun se offerdood, wegvat om jouself met jou bekering 'n kind van god wat net 'n vaderfiguur is te maak.

Kinders van die duiwel wat nie wil glo wat die doop vir Stella wys nie, en daarom ook nie wil hê dat Stella, haar ouers, haar grootouers en ons as gemeente glo wat die Here vir haar gedoen het nie!

Kom ons doop en glo God die Vader is haar Vader, God die Seun het die volle prys van haar sonde betaal en God die Heilige Gees het haar ingesluit om te deel in alles wie Christus vir haar is.

Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry

Kom ons doop Stella Burger in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.